



## **Nuusbrief - Noordwes 2014 Ope**

Die Noordwes Ope is gehou by/oor die Vaal rivier naby Bloemhof, Noordwes.

### **Verslag van Antoon Roets, Noordwes Voorsitter:**

*Noord Wes Ope 2014*

*Dagse almal.*

*Na maande se beplanning het die groot dag uiteindelik aangebreek. 60mm reen die Dinsdag voor die skiet op die nuwe turf baan het ons bekommerd gemaak maar gelukkig het die sonnetjie uitgekóm en die grond droog gebak.*

*Met nuwe baanoffisiere opgelei, bane gebou en alles gereël het ek die ure afgetel na die beste Noord Wes Kampejoenskappe wat nog ooit aangebied gaan word.*

*Met meer as R20000 se pryse op die spel kon die 128 skuts ook nie wag om te begin skiet nie.*

*Lieflike weer met 'n ligte noord ooste windjie het ons 'n minuut van stilte gehou vir een van ons NW Lede Jacques van Zyl, lid no 426, wat oorlede is in motor ongeluk die 16e Januarie 2014.*

*Na al die reelings vir die dag vinnig aangekondig is het Willem Botha gou die Wereld Kampejoenskappe se beplanning vir skuts bekend gemaak.*

*Skuts is in 6 gelyke groepe opgedeel en Noord Wes het gelyktydig op al ses bane begin en so 16h00 klaar gemaak. Daarna is daar lekker vleis gebraai en gekuier soos net jaggeweerskuts kan.*

*Die prysuitdeling is so tussen ete deur afgehandel, gemengde welslae is behaal en Noord Wes het sy tradisie behou dat daar nog nooit 'n voltelling (900/900) telling behaal is nie. Die wen telling was 770 en die gemiddelde telling was 414/900. Daar is gekuier en gebraai tot laat en was voorwaar die bes georganiseerde Noord Wes skiet wat ons nog aangebied het. Dankie aan my span van baanoffisiere, my vrou Sumari en almal wat n bydrae gemaak het tot hierdie Top skiet.*

*Groete Antoon*

Die baan uitleg was as volg:

Baan 1. Springbok (Sit vryhand – 2 skote) 145m, Vlakvark (Sit met 2-poot -3 skote) 290m

Baan 2 Ghong (Lê oor grond hoop) 267m, 350m, 220m, 320m, 280m

Baan 3 Blesbok (Lê met ±1.8m enkel stok) 250m

Baan 4 Ghong (Enige posisie uit Kareeboom) 250m, 300m, 226m, 266m, 340m

Baan 5 Rooibok (Vryhand Staand Snel) 70m

Baan 6 Ghong (Sit oor dwarslêers oor Vaal rivier) 350m, 320m, 300m, 247m, 257m

Baie geluk aan Antoon wat die dag gewen het met 770/900.

Opsomming van die uitslae:

### Noordwes 2014

	<u>Pos</u>	<u>Surname</u>	<u>Name</u>	<u>Initials</u>	<u>Pro- vince</u>	<u>Class</u>	<u>Next Shoot Status</u>	<u>Totaal /900</u>
<b>Gold</b>	1	Roets	Antoon	AP	NW	Men	Gold	770
	2	Van Wyk	Stephan	JS	NW	Men	Gold	745
	3	Wessels	Anton	A	GP	Senior 50-59	Gold	730
<b>Silver</b>	1	Greyling	André	CA	FS	Men	Silver	615.1
	2	Muller	Anton	A	NW	Men	Silver	600
	3	Pretorius	Jaco	NM	NW	Men	Silver	600
<b>Bronze</b>	1	Van Wyk	Stiaan	SJS	NW	Men	Bronze	425
	2	Van der Merwe	Bianca	B	GP	Junior u16	Bronze	420.1
	3	Pretorius	Dries	AL	GP	Veteran o60	Bronze	415.2
<b>Juniors</b>	1	Van der Merwe	Bianca	B	GP	Junior u16	Bronze	420.1
	2	Hartsliet	Tristan	T	GP	Junior u16	Bronze	290
	3	Myburgh	Roelof	RJ	Lim	Junior u16	NonMem	175
<b>Ladies</b>	1	Terblanche	Natali	N	GP	Ladies	Gold	500
	2	Butler	Anita	A	FS	Ladies	Silver	335
	3	Grobler	Claudene	CN	0	Ladies	Bronze	65
<b>Seniors</b>	1	Wessels	Anton	A	GP	Senior 50-59	Gold	730.4
	2	Botha	Willem	W	FS	Senior 50-59	Gold	575
	3	Du Plessis	Gawie	GJ	NW	Senior 50-59	Silver	540
<b>Veterans</b>	1	Pretorius	Dries	AL	GP	Veteran o60	Bronze	415.2
	2	Du Toit	Coen	C	NW	Veteran o60	NonMem	410.1
	3	Pieterse	Ferdi	F	NW	Veteran o60	NonMem	350
<b>Non-Mem</b>	1	Pieterse	CJ	CJ	FS	Men	NonMem	625
	2	Du Toit	Willem	WJ	NW	Men	NonMem	580
	3	Roos	Jan	JL	NW	Men	NonMem	580
<b>Overall</b>	1	Roets	Antoon	AP	NW	Men	Gold	770
	2	Van Wyk	Stephan	JS	NW	Men	Gold	745.3
	3	Wessels	Anton	A	GP	Senior 50-59	Gold	730.4
	4	Van Niekerk	Jacoos	JM	FS	Men	Gold	705
	5	Coetzee	Gerrie	SG	FS	Men	Gold	700.1
	6	Kirstein	Chris	JPP	GP	Men	Gold	695.8
	7	Van Der Westhuizen	Pieter	PJ	NC	Men	Gold	690.5
	8	Dedekind	Ralf	KR	KZN	Men	Gold	670
	9	Griesel	Daan	D	FS	Men	Gold	665.3
	10	Smith	Martin	M	MP	Men	Gold	640.1



Baan 2 – Skiet posisie



Baan 4 – Skiet posisie



Baan 6 - Skiet Posisie (In Noordwes)



Baan 6 – Van agter die skut. Gong 3 4 sigbaar inn die Vrystaat (oorkant Vaal rivier)



Almal soek skaduwee!!!



Baan 5 – Maak of breek!



A picture paints a thousand words!!!!



Ons moet sulke groot gongs kry!

**Die Borge waarsonder die dag nie moontlik sou wees nie!**



**Baie Dankie Antoon en almal van NW vir 'n baie lekker skiet**